

## **Ontwikkeling van landbou bestuurders**

Artikel soos verskyn op 15 Mei 2009, Hermanus Times.

Altesame 15 werknemers van Abagold is verlede Woensdag tydens 'n sertifikaatorhandigingseremonie vereer nadat hulle 'n bestuurskursus suksesvol voltooi het.

Die kursus is deur die Etiek en Leierskap Instituut (ELI) aangebied. ELI is al langer as 13 jaar by opleiding en ontwikkeling in die landbousektor betrokke en was een van die eerste organisasies wat begin het om vaardigheidsplanne namens kliënte in die primêre en sekondêre landboubedryf by Agriseta (die sektorale opleidingsowerheid vir landbou) in te dien.

ELI is op 1 Junie 2006 as Leersentrum by Agriseta geregistreer en bied kursusse vir die ontwikkeling van bestuurders in die landbousektor aan.

Eli en Abagold se verhouding het in 2006 begin toe bestuurders 'n basiese leierskapsprogram voltooi het. Die 15 werknemers het nou die Kort Vaardigheidsprogram vir bestuur suksesvol voltooi en 'n totaal van 24 krediete op NQF-vlak 3 verdien.



EL Institute